

'n Bloudruk vir Grond en Landelike Ontwikkeling



- 'n Besprekingsdokument – - April 2012 -

“There remains before us the building of a new land, a home for men who are black, white, brown, from the ruins of the old narrow groups, a synthesis of the rich cultural strains which we have inherited.” Chief Albert Luthuli

“Net soos wat dit 'n fout sal wees om die gevoelens van baie swart Suid-Afrikaners oor grondhervorming te onderskat - sal dit ook 'n fout wees om die emosionele verbondenheid van wit Suid-Afrikaners tot hul grond, hul profesie en tot Suid-Afrika te onderskat. Grondhervorming is tereg 'n dringende prioriteit vir ons almal.” - FW De Klerk 2010

“Ons, die mense van Suid-Afrika, Erken die ongeregtighede van ons verlede; Huldig diegene wat vir geregtigheid en vryheid in ons land gely het, Respekteer diegene wat hul beywer het om ons land op te bou en te ontwikkel; en Glo dat Suid-Afrika behoort aan almal wat daarin woon, verenig in ons verskeidenheid.” Aanhef tot SA Grondwet

“Wie sy grond bewerk, het volop om te eet; wie hom besig hou met nuttelose dinge, word brandarm.” Spreuke 28:19

'n Bloudruk vir Grond en Landelike Ontwikkeling

INHOUDSOPGAWE	BLADSY
1. INLEIDING	3
2. AGTERGROND	5
3. SUID-AFRIKAANSE SAMESTELLING - 'N GESKIEDKUNDIGE PERSPEKTIEF.	6
4. 'n GRONDBELEID - DIE NOODSAAK DAARAAN.	7
5. LETTER EN GEES VAN ONDERHANDELINGE DIE SLAGOFFER VAN IDEOLOGIE	9
6. GRONDHERVORMING MISLUK KLAAGLIK.....	10
7. DIE GROENSKRIF OOR GRONDHERVORMING.	12
7.1 DIE GROENSKRIF AS PROPAGANDA INSTRUMENT	15
8. 'N BLOUDRUK VIR GROND AS SUIWER ALTERNATIEF	17
8.1 BEGINSELS EN VERTREK PUNTE VIR 'N BLOUDRUK VIR GROND.....	18
8.2 TOTSTANDKOMING VAN 'N LANDBOURAAD.....	20
9. SAMEVATTING.	22

'n Inisiatief uit die burgerlike gemeenskap

Pastoral bliss is way in the past - the focus now must be innovation

“(We must) change our attitude to land reform. We are wasting valuable time and energy trying to restore people to their peasant ways. Ordinary South Africans either do not want land or just do not have the capacity to work it. They want to go to cities and work in modern economy. Large-scale, highly mechanised commercial farming is now the way of the world. You cannot turn the clock back four decades. That is just the reality”

“ Furthermore, the young people would, as has happened elsewhere, have simply upped and headed for the towns and cities. Yet we continue to nurse the notion that we can reverse the inevitable march to an urban future. We keep wanting to fight the logic of large-scale commercial farming. The money and energy that is spent on getting peasants back into subsistence (farming) would be better used to create a strong class of black commercial farmers who actually do farm for commercial rather than sentimental reasons. As a country, we cannot keep looking backward to a past of pastoral bliss.”

Uittreksels uit 'n rubriek van Mondli Makhanya, voormalige redakteur van die Sunday Times, soos geplaas in Times Live - 28 Februarie 2010

'n Bloudruk vir Grond en Landelike Ontwikkeling *'n Inisiatief uit die burgerlike gemeenskap*

1. INLEIDING

Suid-Afrika staan op die drumpel van sy derde dekade, na die volle demokratiese verkiesing van 1994 en die nuwe regering.

Daar was van meet af aan begrip dat daar in die nuwe en demokratiese bestel 'n periode van herstel, versoening en berusting moes plaasvind, alvorens 'n goue periode van groei en herstel sou aanbreek.

Die mooi ideale van duisende Suid-Afrikaners, wit en swart, het op 27 April 1994 'n realiteit geword en kon ons uitsien na 'n nuwe en demokratiese Suid-Afrika wat gebaseer is op die volgende uitgangspunte:

- 'n Samelewing gegrond op demokratiese waardes, maatskaplike geregtigheid en basiese menseregte;
- Gevestig op die grondslag van 'n demokratiese en oop samelewing waarin regering gegrondves is op die wil van die bevolking en elke burger gelyk deur die reg beskerm word;
- Die lewensgehalte van alle burgers verhoog word en die potensiaal van elke mens ontsluit is; en
- 'n Verenigde en demokratiese Suid-Afrika wat sy regmatige plek as 'n soewereine staat in die gemeenskap van nasies kan inneem.

Dit is binne hierdie verwagte raamwerk, waarbinne Suid Afrikaners mekaar daaglik omarm en ondersteun. Dit is veral 'n realiteit in die platteland waar landbou van kardinale belang is om te oorleef in 'n brose en weerlose omgewing en wat blootgestel is aan die elemente van die natuur en die wispelturigheid van die mens.

Landbou en grond lê menige Suid Afrikaner na aan die hart. Nie almal kan egter boer nie en nie almal wil grond besit nie. Suid-Afrika se beskikbare grond moet egter nou optimaal aangewend word. Beeld haal in Maart 2010 vir Prof. Giel Laker, emeritus-professor in grondkunde aan die Universiteit van Pretoria aan, wat gesê het dat navorsing aantoon dat daar 0,4 bewerkbare hektaar landbougrond moet wees vir elke persoon wat kos moet kry. Prof Laker het gesê ongeveer 87% van Suid-Afrika se grond is weens lae reënval en swak grond nie geskik vir gewasproduksie nie. Dit is slegs vir ekstensiewe weiding vir vee of wild geskik. Volgens prof Johan Willemse, landbou ekonoom van die Vrystaat Universiteit het slegs sowat 3,2 miljoen hektaar van die land se bewerkbare grond hoë potensiaal en 'n verdere 7,2 miljoen hektaar is bewerkbare grond, met medium potensiaal. Landbou is die voedingsaar vir die platteland en is landbou se bydrae tot die bruto binnelandse produk (BBP), tans sowat 3,2%, waar dit in 2001, slegs 10 jaar gelede, sowat 8% was.

Dit is binne bogenoemde omgewing waarin grond, landbou en beleid oor grond besondere uitdagende tye beleef en dit was gou duidelik dat hierdie aspek besondere

aandag moes geniet. Landbou en 'n grondbeleid behoort plaas te vind in 'n ope arena met 'n verbintenis deur alle rolspelers en hoef nie plaas te vind in 'n lugleegte waar daar geen internasionaal aanvaarbare reëls en voorskrifte is nie. Allermens behoort beleidsformulering oor grond nie in die geheim plaas te vind met versteekte agendas en motiewe nie.

Ongeveer 5% van landbougrond kom jaarliks in die mark. Die grootste probleem is dat die staat nie oor die vermoë beskik om beskikbare grond effektief en suksesvol vir sy program van grondhervorming aan te wend nie. Voedselsekureit moet 'n nasionale prioriteit wees en daarom is dit van die uiterste belang dat 'n beleid oor grond nie moet lei tot 'n afname in voedselproduksie nie.

Van die 101 miljoen hektaar landbougrond buite die ou tuislande was 86,2 miljoen omstreeks 2004 kommersiële landbougrond, waarvan die meeste in besit was van 45 818 wit boere [tans word die kommersiële boere op minder as 40 000 bereken].

Die algemene en eensydige teiken wat deur regeringsleiers gestel word vir sy program van grondhervorming is 30%. Daar word beraam dat hierdie teiken, wat nie gesubstansieer of geregverdig word nie, in die praktyk beteken dat sowat 25,9 miljoen hektaar grond oorgedra moet word teen 'n beraamde koste van R60 miljard. Tot Februarie 2004 is 2,5 miljoen hektaar teen R4,6 miljard aan begunstigdes oorgedra, terwyl meer as 50% van grondhervormingsinisiatiewe reeds misluk het. Gesien in die lig van die produktiewe aanwending van grond om aan die aanvraag te kan voorsien maak die nuwe en opkomende boere min of geen wesenlike bydrae tot voedselproduksie nie. Dit is egter 'n saak wat met die regte benadering suksesvol aangespreek kan word.

Die probleem word al hoe meer geradikaliseer en ideologies benader as deel van die Nasionale Demokratiese Revolusie. Die verbintenis tot die Nasionale Demokratiese Revolusie is 2007 tydens die ANC se 52e Nasionale Konferensie, beter bekend as die Polokwane konferensie herbevestig.

Vir baie boere is dit kommerwekkend dat party politici met instemming na die voorbeeld van Zimbabwe verwys. Daar is boere doodgewoon van hul plase verdryf. Die beleid van nasionalisering wat daar gevolg is, het die ekonomie tussen 1994 en 2008 met bykans die helfte laat krimp; werkloosheid van 20% na 80% laat styg en die lewensverwagting van 60 jaar na 34 jaar laat daal. (ABN Verslag 2011: Duvenhage en Steyn)

In 'n poging om aan alle redelike Suid Afrikaners, sowel as die regering opnuut die geleentheid te bied om weer begeesterend op te tree en 'n gemeenskaplike toekoms op te eis en deel te bly van suksesverhaal sonder gelyke is dit nodig om weer vars en nuut te dink.

Daarom, het organisasies uit die burgerlike samelewing dit goedgevind om 'n bloudruk vir grond en landelike ontwikkeling daar te stel. Die verwagting met die Bloudruk is veelvoudig:

- Om erkenning te verleen aan die noodsaak vir 'n regverdige en 'n billike beleid oor grond;
- Om 'n gesprek met die regering aan die gang te kry wat 'n breë verteenwoordiging van die burgerlike samelewing sal insluit;

- en terselfdertyd ook van die moedswillige en verkeerde persepsies en verdraaide feite van die Groenskrif op Grondhervorming, September 2011 reg te stel.

Voorts het dit die regering 30 maande geneem om 'n nuwe groenskrif oor grondhervorming op te stel, maar dit is steeds nie duidelik hoe die plan die wanbestuur, onbevoegdheid en korrupsie binne die departement gaan stuit nie. Die mees basiese vertrekpunt - hoeveel grond in staatsbesit is - is nie eens aan die departement bekend nie. (Beeld, 11 Oktober 2011)

Baie min van die mooi drome oor 'n suksesvolle Suid Afrika waar sy mense in voorspoed en vrede kan woon wat binne bereik van die nasie was, het gerealiseer. *Om sukses te behaal sal ons almal moet saamwerk as mede Suid-Afrikaners, as gelykes en as kinders van die bodem van Afrika.*

2. AGTERGROND

Die toenemend globale rol wat die vasteland van Afrika, met sy natuurlike hulpbronne, sy grondstowwe en sy menslike hulpbronne moet speel in die 21e eeu is vol opwindende uitdagings en hoë eise.

Die hartseer ironie is dat Afrika nie naastenby aan die benutting van sy potensiaal kom nie. Inteendeel, Afrika skep tans 'n somber prentjie. In sub-Sahara Afrika was daar in 2009 nagenoeg 265 miljoen mense wat aan kroniese hongerte ly. In Afrika sterf daar jaarliks nagenoeg 5 miljoen mense as gevolg van hongersnood en wanvoeding. Die skokkende syfer wat hieruit bereken kan word, is dat 12 mense per minuut sterf omdat daar nie voldoende kos is nie. Afrika kan ruimskoots aan sy eie behoeftes voldoen, mits sy landbougrond suksesvol en optimaal aangewend word.

Suid-Afrika, die mees suidelike punt van hierdie kontinent, het reeds bewys dat sy produkte, natuurskoon, grondstowwe en sy burgers op verskeie vlakke soos ekonomie, wetenskap, sport, landbou, medies, navorsing, filosofie, tegnologie en uitsonderlike staatsmanskap toegerus en bekwaam is om wêreldkampioene en Nobel-prysweners te wees.

Suid-Afrika is vir eeue deur uitsonderlike Goddelike ingryping, gebeure en inisiatiewe in 'n veelvolkige nasie omskep, gelouter en voorberei tot politieke volwassenheid om stabiliteit te skep en deur staatsmanskap, insig en kundigheid die nodige leiding te kan neem, om Suid-Afrika as sleutel van Afrika tot die Internasionale wêreld te ontsluit.

Deur 'n historiese sameloop van gebeure en die grootsheid van individue en mense, was Suid-Afrika na 1994 staatkundig gereed en toegerus met die regte insig sowel as wysheid en leierskap. Suid-Afrika kon as 'n suksesvolle, lewenskragtige vooruitstrewende land toetree tot Afrika en ander internasionale verhoë.

Binnelands is 'n aanvaarbare politieke klimaat gevestig met 'n grondwet wat die geleentheid gebied het om, indien dit met die nodige verantwoordelik gebruik word, sekuriteit, veiligheid en beskerming te kon bied en alle lojale burgers se belange te dien en 'n suksesvolle, lewenskragtige Suid-Afrika te vestig. Suid-Afrika kon voortbou op die

gevestigde infrastruktuur, wat in 1994 oorgeneem is en 'n al hoe groter krag in Afrika en rolspeler in die wêreld word.

3. SUID-AFRIKAANSE SAMESTELLING - 'N GESKIEDKUNDIGE PERSPEKTIEF.

Die huidige Suid-Afrikaanse bevolkingsamestelling is die historiese produk van uiteenlopende agtergronde en afstammeling wat mekaar komplimenteer. Kolonisasie van Suid-Afrika het aanvanklik geskied vanuit Afrika en later deur die koloniale moondhede vanuit Europa en elders. Oor baie eeue het die Suid-Afrikaanse nasie ontstaan.

Aan die begin van die 14e eeu was die Koi en San reeds inwoners, hoewel yl bewoon binne die grense van Suid-Afrika en was daar ook reeds gevestigde swart volkere wat vanuit midde en sentraal Afrika suidwaarts migreer het. Die eerste kolonialisasie van Suid-Afrika sowel as die eerste grondbesettings het dus inderwaarheid eeue gelde gebeur. Hierdie kolonialisasie het mettertyd suidwaarts beweeg.

Aan die einde van 15e eeu het seevaarders voet aan wal gesit binne die Suid-Afrikaanse grense. Met verloop van tyd en met die uitbreiding van seeroetes en handel is die Suid-Afrikaanse grondgebied meer permanent beset en verder gekolonialiseer.

Gedurende die bloeitydperk in seevaart en handel, veral tussen Europa en die Ooste het die suidpunt van Afrika die poort geword vir verskeie ander nasionaliteite vanuit die ooste om ook die Kaap en die kuslyn van Afrika te betree en dit hul nuwe vaderland te maak.

Hierdie saambring van uiteenlopende beskawings het, soos wat verwag kon word, ernstige konflik veroorsaak gegrond op etnisiteit, aanbidding, kulturele onverdraagsaamheid, gierigheid, grondbesit, eiendomsreg, persepsies, menseregte, verowering, migrasie en rassisme. Dit het 'n stryd geword wat oor eeue sou strek.

Die Voortrekkers het met die trek na die binneland, gebiede beset waar daar in die algemeen, nie gevestigde swart gemeenskappe gewoon het nie. Volgens kenners was veral die Vrystaat en Transvaal op daardie tydperk grotendeels onbewoon, veral na die Mfecane-uitwissing wat swart gemeenskappe teen swart gemeenskappe van stapel gestuur het.

Die Suider-Afrikaanse konflik potensiaal is verder gebruik en misbruik deur koloniale moondhede vir eie belang, grondvergrype, strategiese belang, militêre uitbreiding en grondstowwe. Hierdie invloed moet verreken word in enige gesprek oor die geskiedenis van Suid-Afrika. Konflik, bloedige oorloë, menseregte vergrype en menseslagting het op Suid-Afrikaanse bodem plaasgevind tussen wit en wit, swart en wit, swart op swart en verskillende groeperinge teenoor mekaar. Wie dit ontken, ontken die veelbewoë geskiedenis van Suid-Afrika.

Gedurende hierdie tydperk wat oor etlike eeue gestrek het, is 'n nasie gevorm waarin duidelike beginsels ingeëts is en deel van die karakter en identiteit van die ganse Suid-Afrikaanse nasie.

- Onder andere is dit gevorm deur:
 - o die vredesooreenkoms tussen Boer en Brit;
 - o die Vryheidsmanifes wat deur onderdrukte Suid-Afrikaners opgestel is;
 - o die onderhandelinge wat in 'n nasionale akkoord vasgevang is; en
 - o die finale grondwet van 1996.
 - o die algemene aanvaarding van nuwe nasionale simbole.

Hoewel die vryheidsdrang van Suid-Afrikaners en die strewe na geregtigheid sterk eienskappe is, het ander gemeenskaplikhede ook duidelik uitkristalliseer waarvan die liefde vir grond en passie vir sport twee belangrike elemente is. Al hierdie elemente het een doel voor oë - naamlik om trotse Suid-Afrikaners te kan wees in 'n suksesvolle Suid-Afrika.

Daar moet ook erkenning wees vir die feit dat geslagte Suid-Afrikaners gevestig geraak het op grond, dit suksesvol ontwikkel het en deur generasies oorgedra is na opvolgende geslagte. Vir baie is dit hul enigste bate, hul enigste bron van inkomste en is die grond hul grootste liefde.

4. 'N BELEID OOR GROND - DIE NOODSAK DAARAAN.

Op 27 April 1994 met die aanbreek van die eerste volle demokratiese verkiesing was daar 'n gees van opgewondenheid want die oorgangsgrondwet het aan Suid Afrikaners die geleentheid gebied om ten volle hulle burgerskap en volle potensiaal uit te leef.

Die Suid-Afrikaanse oorgangsgrondwet was die eindproduk van die gedagtes en ideale van twee teenpole wat vanuit konflik, deur dialoog en onderhandelinge kon optree in belang van Suid-Afrika. Die onderhandelinge en aanvanklike ooreenkomste het beslag gevind in die nasionale akkoord wat gelei het tot die grondwet en is gebaseer op 'n belangrike balans, naamlik:

- die behoefte aan gelykheid aan die een kant en die behoefte aan die vermyding van onregverdige diskriminasie aan die ander kant;
- die behoefte aan die beskerming van eiendomsreg aan die een kant en die behoefte aan die bevordering van regverdige en gebalanseerde beleid oor grond aan die ander kant;
- die behoefte aan demokratiese verteenwoordiging in die regering en die behoefte aan doeltreffende dienste en,
- die behoefte aan die koestering van ons ryk diverse kulturele, taalkundige en godsdienstige erfenis en die behoefte aan die bevordering van oorkoepelende nasionale eenheid.

Veral van belang in die finale 1996 grondwet is die verwysing na eiendom en die reg tot besit van eiendom: Art25 *“(1) Niemand mag eiendom ontnem word nie behalwe ingevolge 'n algemeen geldende regsvoorskrif, en geen regsvoorskrif mag arbitrêre ontneming van eiendom veroorloof nie.”*

Hierdie bepaling is in pas met die VN se Universal Declaration of Human Rights: (17) *“Everyone has the right to own property alone as well as in association with others.*

No one shall be arbitrarily deprived of his property.” Baie duidelik is hierdie universele reg vasgevang in die gees waarin die tweede grondwetlike beginsel vasgelê is as bylaag in die 1994 oorgangsgrondwet : *“Everyone shall enjoy all universally accepted fundamental rights, freedoms and civil liberties...”*

Verskeie regeringsinisiatiewe en groenskrifte het die lig gesien maar het grondhervorming tot dusver jammerlik gefaal. Daar is veral drie bene of prosesse waarop grondhervorming staan: grondherstel (restitusie), die herverdeling van grond redistribusie) en hervorming van die besitsreg van grond (land tenure).

Grond wat sedert 1913 onregmatig en sonder vergoeding afgeneem is van Suid-Afrikaners, sou deur 'n proses van restitusie terugbesorg word of vergoed word aan nasate wat bewys kon lewer van onbillike praktyke wat in die verlede plaasgevind het. Dit is in lyn met die grondwetlike bepaling: *“Art25 (7) 'n Persoon of gemeenskap wat na 19 Junie 1913 die besit van eiendom ontnem is as gevolg van wette of praktyke van die verlede wat op grond van ras gediskrimineer het, is geregtig, in die mate wat deur 'n Parlements wet bepaal word, op óf teruggawe van daardie eiendom óf billike vergoeding.”*

Die aksie tot die heling van die besit van grond is in die algemeen aanvaar as 'n korrekte proses ten einde die ongeregthede wat in die verlede plaasgevind het te herstel. In hierdie proses moes eise in 1998 geregistreer word, en sou die proses reeds in 2005 afgehandel gewees het en is dit voortdurend uitgestel. Daar is nou sprake dat die proses van eise weer oopgestel kan word wat hierdie 'n nimmereindigende proses kan maak.

Die Groenskrif op grondhervorming, 2011 wat pas deur die Departement van Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming vrygestel is, is 'n enorme teleurstelling. Minister Gugile Nkwinti het 'n gulde geleentheid verlore laat raak om sinvolle oplossings vir die noodsaak aan 'n grondbeleid op die tafel te plaas. Die Groenskrif is op verskeie terreine ongrondwetlik in sy benadering en voorstelle en kan die Groenskrif gevolglik nie aanvaar word nie.

Die dringende noodsaak tot suksesvolle, regverdige en billike grondbeleid ontken niemand nie en daar is nie weerstand teen 'n billike en regverdige grondbeleid nie. Inteendeel, ons gee erkenning aan die noodsaak vir 'n grondbeleid en vele individue en organisasies in die burgerlike gemeenskap staan gereed om kundigheid en ervaring aan te bied en wil meewerk aan 'n suksesvolle en algemeen aanvaarde model vir 'n beleid oor grond. Voorstelle tot 'n beleid oor grond en onpraktiese beleidsraamwerke soos die konsep Groenskrif kan egter nie strydig wees met die Grondwet en ander internasionale norme en standaarde, nie. Dit is waarteen die burgerlike gemeenskap moet waak.

“Geen redelike Suid-Afrikaner sal nie saamstem nie dat daar 'n dringende behoefte aan 'n werkbare grondhervorming proses is. Indien daar egter, soos FW de Klerk in 'n toespraak verlede jaar in Mei opgemerk het, enige poging is om die eiendomsregte in die Grondwet te ondermyn, sal dit ernstige negatiewe gevolge inhou vir die landbou, nasionale eenheid, en vir toekomstige buitelandse en plaaslike belegging. Hy het uitgewys dat voedselsekuriteit 'n nasionale prioriteit behoort te wees en dat suksesvolle moderne landbou dikwels groot plase met hoë kapitaalvlakke, kundigheid en ondervinding vereis. Hy het 'n beroep gedoen vir groter doeltreffendheid in

staatsdepartemente wat met grondhervorming werk en het die behoefte aan eerlike en effektiewe konsultasie en samewerking oor werkbare benaderings oor grondhervorming tussen die regering en georganiseerde landbou uitgedruk.” Dave Steward - 2 November 2011

Wat egter tekortsiet is dat die regering se vorige beleidsraamwerke met grondhervorming almal klaaglik misluk het omdat die burgerlike samelewing se bewese kundigheid nie betrek word nie en voorstelle in die verband nie in ag geneem word nie. Met hierdie groenskrif is dit duidelik dat kundigheid en ervaring moes plek maak vir ideologie ter wille van korttermyn politieke gewin. Indien voedselsekureit, privaat grondbesit en ander universele regte en vereistes vir suksesvolle landbou egter ondermyn word ter wille van die najaag van demografiese en ideologiese vereistes, dan voorspel dit weselike gevaar vir landbou en landelike ontwikkeling. Ons is van mening dat die Groenskrif hierdie grense oorskry het.

5. LETTER EN GEES VAN ONDERHANDELINGE DIE SLAGOFFER VAN IDEOLOGIE

“Our call for mines to be nationalised and land to be expropriated without compensation are currently the most important rallying points to mobilise society behind the visions of the Freedom Charter.” Julius Malema, ANC jeugliga president 16 Junie 2011.

Die onderhandelde skikking waaruit die nuwe demokrasie en moderne grondwet ontwikkel het, blyk gebou te wees op veronderstellings wat nie gerealiseer het nie of selfs moedswillige misleiding.

Aan die een kant van die skikking was die ernstige, eerlike en openhartige soeke na 'n regverdige oplossing vir die land en 'n bereidwilligheid om die skeefgetrekte verlede reg te stel, binne 'n redelike tyd. Die skikking is as vertrekpunt gesien van 'n nuwe nasie wat saam nuwe hoogtes gaan bereik.

Aan die ander kant van die skikking blyk dit is daar onderhandel met 'n agenda gebaseer op 'n uitgediende ideologie, die Nasionale Demokratiese Rewolusie. Hiervolgens was die onderhandelde skikking en die gees van die Grondwet slegs die begin van die revolusie. Die ideologie van apartheid is bloot vervang met die NDR wat selfs nog meer destruktief en fataal vir die land en sy mense is.

Die NDR bly steeds die dryfveer van regeringsbeleid en staan die Groenskrif op Grondhervorming sentraal tot die uitvoering van die NDR en is alle tekens daar dat dit sal versnel met die ANC se 2012 Mangaung konferensie sowel as die eeufeesvieringe van die ANC. Die NDR as uitgediende ideologie, is herbevestig in Polokwane op 16 Desember 2007 as amptelike strategie van die ANC. *“That at the instance of the 1994 democratic victory, the ANC became both a national liberation movement and a ruling party at the same. In this regard, mass mobilisation and organisational work had to be combined with a skilful use of state power to pursue the goals of the national democratic revolution.”*

Oor grond en landbou is die volgende resoluie in 2007 by die nasionale konferensie aanvaar:

“The state must, with immediate effect, regulate but not prohibit ownership of land by non-South Africans. This regulation should take into account the country’s commitment to land reform, restitution, redistribution and access to land.

The state and mandated entities must exercise their legal right to expropriate property in the public interest for public purpose. Compensation shall be awarded in accordance with the constitution with special emphasis on equity, redress and social justice. All legislation pertaining to expropriation must be aligned with the constitution

We should discard the market-driven land reform and immediately review the principle of willing-seller, willing-buyer so as to accelerate equitable distribution of land.

Review the adequacy of post-settlement support in all land reform programmes.

The management and control of state land must be under one department.

We reaffirm the 51st Conference resolution on a land audit and resolve that it should be conducted within the next 18 months.

The allocation of customary land be democratised and should not only be the preserve of the traditional leaders.

That redundant land belonging to SOEs and municipalities be transferred for low cost housing.”

Die radikalisme van die resolusies is pas weer bevestig in die memorandum wat die ANC jeugliga op 28 Oktober 2011 by die Uniegebou, as deel van hulle ekonomiese optog, aan die regering oorhandig het. Die memorandum stel onder andere die volgende eise:

- *“Amendment of section 25 of the Constitution of the Republic of South Africa to make provision for the expropriation without compensation of property, particularly land, for equitable redistribution in the public interest and for public purpose.”*
- *“All productive land must be nationalized, and provided on lease-basis as opposed to freehold to those interested in utilizing the land in line with our national priorities.”*

Uit die stelselmatige implementering van die NDR is daar al hoe verder beweeg van die gees en karakter van die grondwet. Die historiese ooreenkomste van die verlede, moes nou plek maak vir ongrondwetlike wetgewing wat die pre-1994 gees en karakter ondermyn.

6. GRONDHERVORMING MISLUK KLAAGLIK.

Ten spyte van die tafel wat in 1994 gedek is, deur ’n historiese ooreenkoms, vir Suid-Afrikaners om te verrys tot ongekende hoogtes en die nasiebou fondament wat gelê is in die Mandela ampstermyn, het die land twee dekades van rampspoed betree.

Kundigheid, finansies, bates, geleentede en intellektuele kapitaal het geswig en verdwyn voor ideologie, korrupsie, eendimensionele insig, swak oordeel, gierigheid, onbekwaamheid, vergeldingsdrang en rassisme.

Landbou is veral in die spervuur. Die grondkwessie, wat nie moeilik is om te hanteer nie, is as die strategiese gevegsterrein geïdentifiseer. Individue en faksies in die regerende party wat ideologies gedryf is, sou stelselmatig die land gyselaar hou.

Hierdie toenemende polarisasie is in konflik met die algemene gees onder Suid-Afrikaners om suksesvol by te dra tot projek Suid-Afrika. Aan die een kant die bereidwilligheid om die tweede myl te stap en akkommoderend te wees en aan die ander kant beleidsraamwerke wat konflik skep en grondhervorming gebruik as effektiewe speelbal vir politieke magmisbruik. Midde hierin staan 'n onsekere burgerlike samelewing.

Hierdie situasie in landbou lei tans tot onsekerheid wat 'n negatiewe impak het op werkverskaffing, landelike ontwikkeling en voedselsekerheid.

Twee kosbare dekades, en gulde geleentheid van reparasie, tyd vir restitusie en herverdeling van grond, en die vestiging van 'n florerende landelike omgewing is verspeel. Dit het die potensiaal om die land te bring tot die rand van rampspoed, voedselskaarstes en algehele inploffing.

Die eenvoudige proses van restitusie is vertroebel deur:

- rompslomp en swak administrasie.
- onbeholpe amptenare.
- geweldige hoeveelheid vals eise.
- korrupsie in die departement.
- valse verwagtinge en waninligting.
- onvermoë om sake af te handel
- swak hantering van die begroting.

Onsekerheid oor restitusie eise het 'n demper op landbou ontwikkeling geplaas en groot landbou areas het onproduktief geraak en is hoogs produktiewe landbou eenhede totaal vernietig.

Die onoordeelkundige oordrag van grond was in sommige gevalle fataal en is daar nie voldoende voorbereiding en ondersteuning gebied aan die nuwe eienaars nie. Te dikwels het nuwe eienaars nie belang gestel in landbou nie en wou bloot eiendom bekom vir ander redes as vir landbou doeleindes. In heelwat van hierdie gevalle is die grond weer terugverkoop aan wit boere, wat nie die beoogde transformasie van landbou dien nie.

In stede daarvan om te erken dat grondhervorming misluk het as gevolg van die voor die hand liggende en bogenoemde redes, is die blaam verskuif. In stede daarvan om aanpassings te maak tot onsuksesvolle projekte en om die onvermoë en verkeerde beleid en benadering tot grond te erken, is 'n baie gevaarlike rigting ingeslaan wat daarop gerig is om die breë landbou gemeenskap te verdeel en Suid-Afrikaners teen mekaar op te stel. In die proses:

- is die gewillige koper\verkoper markkragbeginsel onder verdenking geplaas.
- Word kommersiële boere soms beskuldig van ongerymdhede in die proses van verkoop.
- Word leuens versprei oor grondverkryging en grondbesit
- Word valse persepsies oor die rykdom in landbou opgedis vir politieke propaganda en word verwagtinge geskep, waaraan daar doodeenvoudig nie voldoen kan word nie.
- Word grond en die besit van grond 'n raskwessie.

Grondbesit het 'n politieke en ideologiese speelbal en instrument geword en word die landelike gemeenskap wat baie swaar steun op landbou, die slagoffer van 'n regering se onvermoë om effektief in die belang van landbou op te tree.

'n Onsimpatieke regering het deur sy onvermoë en onkunde direk of indirek daartoe bygedra daartoe dat:

- Landbounavorsing bykans tot niet is en landbouers lei geweldige finansiële skade weens die laksheid van die departement oor gesondheidtoestande soos, Klem-in-die-kaak, voëlgriep, Slenkdalkoors, indringerplante ens.
- Die goeie verhoudinge in landelike gebied m.b.t. werkgewers en werknemers word knaend vertroebel deur kwasi politici met versteekte agendas.
- Werkverskaffing en werkskepping feitelik vernietig is deur arbeidswetgewing en verhoudinge in landbou.
- Infrastrukture soos paaie op die platteland in duie stort met die gevolg dat landbouers nie hul produkte by die markte kry nie.
- Mediese dienste, telekommunikasie, en ander noodsaaklike dienste gaan op die platteland tot niet.
- Veiligheid en sekuriteit stort in duie. Duisende plaasmoorde en aanvalle op boere en plaaswerkers het in hierdie twee dekades, nog verdere druk op die platteland geplaas.
- Swak grensbeheer met buurlande is 'n resep vir konflik weens die effek op veediefstal, behuising, sosio-ekonomiese beheer, werkreservering ens.
- Nuwe belastings is vir landbou geskep en word die swaar verdiende inkomste van 'n reeds swaarbelaste beroep dan kwistig bestee aan salarisse van amptenare.
- Daar geen subsidies vir landbou beskikbaar is nie en dat ons boere gevolglik nie kommersieel kan meeding op die internasionale markte nie. Bestaan en nuwe boere kan hoegenaamd nie eers die mark betree nie.

Kommersiële boere wat moet toesien dat grond en hervorming slaag, maar voortdurend in die regering se spervuur staan, is in 'n professionele wat vinnig krimp, dit is 'n lewensgevaarlike beroep, word onbeheerd blootgestel aan insetkoste soos brandstof en elektrisiteit, is prysnemers op onbeskermdes markte, het geen inspraak in arbeidsonderhandelinge nie, is teikens van doelgerigte spesifieke wetgewing wat nie op ander sektore van toepassing is nie en word genadeloos uitgelewer aan politieke opportuniste en aktiviste vir hul voortbestaan en selfs lewensveiligheid.

7. DIE GROENSKRIF OOR GRONDHERVORMING.

Staatskoerant 34656 van 30 September 2011 - *Die Groenskrif oor Grondhervorming - 2011* - het die gaping tussen fiksie en nie-fiksie in die ideologiese stryd van die NDR vir Suid Afrika skielik oorbrug na 'n harde realiteit. Alle redelike Suid Afrikaners, wat na orde en geregtigheid streef, word uitgedaag om nou duidelik en ferm standpunt in te neem.

Hierdie Groenskrif is die grootste en duidelikste Rubicon waarvandaan daar geen omdraai meer is op die weg van die NDR nie. Dit is 'n weg wat reeds geruime ruk deur die regerende party van Suid Afrika ingeslaan is.

Hoewel hierdie Groenskrif op die oog af slegs op landbou van toepassing blyk te wees, is dit duidelik uit die bewoording, dat dit die weg baan vir ingrypende nasionalisering op bykans elke vlak van die Suid Afrikaanse samelewing. Daarom moet die burgerlike gemeenskap nou onbeskroomd werk aan 'n antitese tot die NDR en die rigting van voortstuwende mislukking met grondhervorming.

Dit verwyder ook alle twyfel wat nog steeds kon bestaan oor die de facto erodering van die Suid Afrikaanse grondwet. Minister Gugile Nkwinti het ook sonder enige weifeling sy bereidheid verklaar om die grondwet te wysig om hierdie hervorming te laat plaasvind.

Hierdie Groenskrif is dan in alle opsigte die pinakel van die rampspoedige landboubeleid van die laaste 2 dekades en dwing dit Suid-Afrikaners om standpunte in te neem teen grootskaalse mislukking. Die Groenskrif is in werklikheid 'n samevatting van die beleidsraamwerke van die laaste aantal jare waarin redelike Suid-Afrikaners vuisvoos, moedeloos en verward gelaat is. Dit is egter nie onverwags nie want die laaste aantal jare is die klimaat geskep deur:

- Die menseregte vergrype en grondonteiening van Zimbabwe en die oënskynlike stilsweye en gelate aanvaarding daarvan deur die Suid-Afrikaanse regering;
- Reeds vir etlike jare dreig die regering ook met onteiening in SA en voel Suid-Afrikaners reeds die kruipende onteiening op verskeie vlakke.
- Die tydperk (30 maande) waarin die voorgenome Groenskrif soos 'n swaard oor die kop van landbou gehang is;
- Die dreigemente deur regeringsleiers om politieke punte by hulle magsbasis te verdien.

Die Minister en sy departement het vir etlike jare, kat en muis met verantwoordelike landbou leiers en organisasies in die burgerlike samelewing gespeel. Dit het 'n tydperk van onsekerheid geskep, landbou ontwikkeling is vertraag en landbouers is uit die bedryf verjaag en kon grondwaardasies gemanipuleer word.

Die grootste probleem met die Groenskrif is die vertrekpunt tot die geskiedenis van grondbesit in Suid-Afrika. Die klimaat hiervoor is geskep deur jarelange propaganda wat vandag selfs deur regeringsleiers geglo word. In breë is die vertrekpunt dat alle wittes grond onregmatig verkry het en dat grond histories aan swart mense behoort. Hiermee word die geskiedenis doelbewus skeefgetrek en word 'n uiters selektiewe geskiedenis opgedis en gebruik om die Groenskrif se inhoudelike te regverdig.

Die Groenskrif het verdere aanduidings en leemtes wat kortliks soos volg saamgevat kan word:

- Die landbousektor word geteiken en uitgesonder as 'n professie wat nie na sy eie belang kan omsien nie en word politieke inmenging dus geregverdig.
- Landbou word nie erken as 'n hoogs wetenskaplike, ekonomiese en gevorderde professie nie en koppel bloot landbouvaardigheid aan grondbesit.
- Grondbesit of die herverdeling van grond, berus nie op spesifieke vaardigheid, opleiding en ander spesiale professionele vaardighede of sentiment nie.

Hierdie Groenskrif, se verdere hantering laat mens egter uiters skepties:

- net soos ander groenskrifte en konsep wetgewing word dit grootmoedig verwys vir openbare deelname en kommentaar, waarvan geen insette enigsins oorweeg word nie;
- geleenthede vir verhore of inligtingsessies word meestal misbruik en gemanipuleer vir doeleindes van politieke stryddae.
- Belangegroepes en werkgroepes vir die verdere hantering hiervan word baie selektief saamgestel.

Die doelwitte van die Groenskrif op Grondhervorming kan kortliks soos volg saamgevat word:

- Die voortdurende bevordering van 'n onnodige wit skuldgevoel wat kunsmatig aan die lewe gehou word en soms oormatige politieke korrektheid en oorkompensasie vereis;
- Om redes te soek en blaam te verskuif vir die onvermoë asook die onwilligheid om restitusie en ander elemente van grondhervorming af te handel ten einde die groter wordende frustrasie aan te spreek;
- Om die legio onsuksesvolle grondhervormings inisiatiewe wat die indruk wek dat swart boere nie kommersiële en suksesvolle boere kan wees nie, te rasionaliseer en daarom slegs op genasionaliseerde grond kan oorleef.
- Om duimsuig teikens vir grondbesit te stel. Na etlike jare kan die Departement van Grondsake nog steeds nie 'n amptelike en werklike grondoudit beskikbaar stel nie en word statistiek oor grondoudit gemanipuleer en vir propaganda doeleindes aangewend, ten spyte van 'n 2007 Polokwane resoluție wat vereis het dat die proses 18 maande na die konferensie afgehandel moes gewees het;
- Verwarrende terme soos vrypag met beperkte tyd en huurpag wat dieselfde beteken, word vaag en onsamehangend gebruik.

'n Uiteers belangrike aspek van 'n beleid oor grond wat nog steeds oor die hoof gesien word, is die omvang van tradisionele stamgebiede en die benutting daarvan vir kommersiële landbou. Ook in die verband was 'n baie besliste resoluție geneem te Polokwane naamlik: *“The allocation of customary land be democratised and should not only be the preserve of the traditional leaders.”*

Die Groenskrif meld kortliks ernstige probleme in die departement maar word die indruk geskep dat die Groenskrif moet dien as weerligafleier vir:

- Die Departement se gebrek aan bestuur en begrotingsprobleme;
- Die regering se onvermoë om effektief te handel met sy program van grondhervorming

Die Groenskrif oor Grondhervorming wemel van onakkuraathede en valse inligting en kan bepaald nie as 'n gesaghebbende beleidsraamwerk gebruik word nie. Dit is teenstrydig met die grondwet, diskrimineer teen dele van die bevolking, dit is opruiend, kwetsend en nie in die gees van nasiebou, voedselsekureit, landelike ontwikkeling en veiligheid en sekerheid nie. Die Groenskrif is eendimensioneel, het 'n eensydige aanslag, het geen begrip vir die kompleksiteit van veelvolkigheid en minderheidsbelang nie. Die Grondwetlike waarde *“Suid-Afrika behoort aan almal wat daarin woon, verenig in ons verskeidenheid”* word absoluut misken. Dit bevat elemente van vergeldings en is uiteers voorskriftelik en beslis nie akkommoderend oor etniese verskille en benaderings nie.

Die Groenskrif oor Grondhervorming is in werklikheid 'n ernstige aanklag teen die regering as gevolg van die voetesleep met die proses van grondhervorming en getuig van beperkte konsultasie met belanghebbers en rolspelers wat landbou en landelike ontwikkeling op die hart dra. Na ons mening is die vertrekpunte van die groenskrif uiters skeefgetrek en kan dit nie in sy bestaande vorm toegepas of selfs, beredder word nie. Na ons mening behoort die Groenskrif in sy totaliteit verwerp te word.

7.1 DIE GROENSKRIF AS PROPAGANDA INSTRUMENT

Hoewel hierdie Groenskrif veronderstel is om in die Suid-Afrikaanse nasionale belang te wees, verklaar dit ter aanvang dat dit 'n bevestiging is van die ANC resoluëie by die 2007 kongres in Polokwane waar die NDR ideologie ook weer herbevestig is. Dit is egter van besondere belang en baie ironies dat die Polokwane resoluëies van 2007 baie selektief in die Groenskrif beslag kry. Ander resoluëies wat moontlik kon help om 'n beleid oor grond te bespoedig of ten minste 'n korrekte feitelike basis te verkry sluit in:

- die noodsaak aan 'n oudit oor grondbesit binne 18 maande na die Desember 2007 konferensie,
- die bestuur en beheer van alle staatsgrond wat onder een departement moet val; en;
- die demokratiese toedeling van tradisionele grond

Grond word in die Groenskrif ter aanvang verklaar as 'n nasionale bate ongeag die status van eiendomsreg. Landbou en grondbesit word gesien as 'n kommoditeit waarmee daar polities omgegaan kan word om die massas ter wille te wees en is daar geen erkenning vir die professionaliteit van die landbouer as 'n beroep nie. Geen erkenning word verleen vir sy opleiding, sy wetenskaplike benadering, sakebeginsels en vaardigheid nie.

Die Groenskrif is veel eerder 'n dreigement tot die landbousektor en die breë gemeenskap wat deur die landbou gedien word en word gesien as 'n instrument van transformasie wat selfs met aggressiwiteit gepaardgaan

'n Erg skeefgetrekte en eendimensionele historiese agtergrond word ter aanvang gebruik, wat selektief gebruik word om swak argumente te sterk en bring gevolglik die geloofwaardigheid en motief van die Groenskrif onder verdenking.

Die duidelike boodskap vanuit die beeldspraak wat in die Groenskrif gebruik word, is dat dit nie net oor grond gaan nie maar dat hierdie transformasie ook lewende hawe, gewasse en die gemeenskappe insluit. In wese word alle bates en die breë landbougemeenskap ingesluit.

Die inleidende geskiedenis lewer sterk anti-koloniale uitsprake asof Europese kolonialisme niks positiefs vir die land beteken het nie. Inteendeel die tydperk word gestel as opponerend tot Ubuntu en die struggle.

- Ubuntu word as enigste aanvaarbare en gewenste benadering tot grondbesit verklaar en Europese kolonialisme tot die wortel van alle kwaad.
- Die landbou as werkgewer, word gesien as slawerny van die loonwerkers wat op die lande werk.
- Alle grond wat verkry is gedurende die Europese koloniale tydperk, moet weer herower word.

- Die afleiding word gemaak dat Europese kolonialisme ten doel gehad het om alle stamkulture te ondermyn en te vernietig.
- Die Groenskrif dring aan op die herstel van grondregte as noodsaaklik vir die herlewing van Ubuntu met geen ander alternatief nie.

Die Groenskrif skep die indruk dat daar steeds teen swart burgers gediskrimineer word wat grondbesit aanbetref. Geen erkenning word gegee aan die oordrag van grond op verskeie vlakke, wat reeds baie suksesvol plaasgevind het nie. Daarom sal daar ook geen erkenning wees van verskeie privaat inisiatiewe in die verband nie.

Vorige beleidsraamwerke oor grondhervorming word indirek gekritiseer en dat die skade wat hierdeur veroorsaak is, jare mag neem om reg te stel.

Wat egter nog meer verstommend is, is dat die Groenskrif speel in die hande van diegene wat Suid-Afrika sien as slegs 'n tuiste vir die swart bevolking en dat die ander gemeenskappe slegs geduld word. Die gees van die Groenskrif is baie duidelik hieroor as dat die geduld en goeder trou van die swart bevolking nie as vanselfsprekendheid aanvaar moet word nie. Dit is waarskynlik die grootste dwaling in die Groenskrif en berus op gevaarlike politieke uitgangspunte *“Die kapasiteit en die politieke wil van swart mense in die algemeen, en die Afrikameerderheid in die besonder om te vergewe. MAAR hierdie welwillendheid moet nie as vanselfsprekend aanvaar word nie, want dit is nie 'n onuitputlike sosiale bate nie.”*

In die laaste twee dekades het miljarde rande deur korrupsie, diefstal en wanbestuur in die niet verdwyn. Met die fondse kon grondbesit afgehandel gewees het maar in die Groenskrif word die swak ekonomie voorgehou as verskoning waarom die staat nie grond teen markpryse kan aankoop nie en waarom meer drastiese stappe geneem moet word. Die gewillige koper/verkoper beginsel moet weer die blaam dra vir grond wat nog nie oorgedra is nie maar die departement se eie onvermoë word vermeld, maar nie aangespreek nie.

Die absolute onkunde oor swart grondbesit word weer gereflekteer in die Groenskrif, met geen substansie gebaseer op werklike syfers wat vanuit 'n grondoudit die Groenskrif kan motiveer nie. Verskeie syfers van 'n hele aantal bronne dui daarop dat die 30% teiken wat vir 2014 gestel is, reeds bereik is. Volgens syfers van die South African Institute of Race Relations kan swart grondbesit reeds meer as 55% wees. Die Mail & Guardian van Januarie 2009 het 'n verslag van 'n gesamentlike projek van die Demographic Information Group and Population of South Africa (Popsa) aangehaal wat bevind het dat in 2001 het munisipaliteite meer as 'n kwart van alle grond in Suid-Afrika besit. Dit pas egter die politieke marionetmeesters om die propaganda vol te hou.

Selfs die opgetekende historiese besit van grond vind nie beslag in hierdie Groenskrif nie. Veel eerder word daar gefokus op die wit “diefstal en onregmatige verkryging van grond”, maar die bloedige geskiedenis van Suider Afrika ten opsigte van grond en oorheersing sowel as Afrika kolonialisme word verswyg.

Grootskaalse voorspraak word gemaak vir politieke inmenging in die verkryging van grond en landbou. Dit sal nie-landbou professionele lede en die groter burgerlike gemeenskap neem om betrokke te raak en mede-besluitnemers te word oor die wel en

weë van grond, landbou en die breë gemeenskap wat deur die politieke speelveld geaffekteer word.

Daar is geen twyfel dat hierdie Groenskrif 'n reuse stap is tot die algehele nasionalisering van grond nie. Die verwysings na ander lande se grondbeleidsraamwerke word gedoen om geloofwaardigheid te verleen tot hierdie kortsigtige politieke riskante poging tot nasionalisering.

Dit is moontlik dat dit wat in hierdie Groenskrif verswyg word, maar waarvoor voorsiening gemaak word, 'n veel groter inpak op grondbesit sal hê as dit wat uitgespel word. Die gees van die Groenskrif, sy motiewe en doelwitte en onbedoelde uitkoms, is die gevaar van die Groenskrif.

8. 'N BLOUDRUK VIR GROND AS SUIWER ALTERNATIEF

Die publikasie van die Groenskrif vir grondhervorming soos in Staatskoerant 34656 van 30 September 2011, is 'n teleurstelling en 'n verspeelde kans tot groei, ontwikkeling, werkskepping en meer voorspoed vir almal in Suid-Afrika.

Dit is jammer dat Suid-Afrika, nie in die gees van nasiebou en broodnodige leiding vir die kontinent, die staatsmanskap en die wysheid aan die dag kon lê vir deursigtige, eerlike en regverdigde koersaanpassings in belang van alle Suid-Afrikaners nie.

Die geleentheid tot 'n effektiewe en suksesvolle model vir 'n beleid oor grond is eerder gebruik vir politieke gediensdigtheid en die bevordering van 'n uitgediende ideologie wat meer vernietigend en destruktief is, as die vorige ideologie van apartheid.

Geen Suid-Afrikaner kan langer onaangeraak en afsydig staan teenoor hierdie rewolusionêre koersaanpassing nie en sal steun of teenkanting ondubbelsinnig moet registreer en daarby staan of val.

Dit is nie moontlik om binne die grense van die voorgestelde Groenskrif 'n aanvaarbare en suksesvolle model vir 'n beleid oor grond daar te stel nie. 'n Alternatiewe, praktiese en volhoubare model moet beding word en kan gedoen word deur die 1994 ooreenkoms en gees van gesprekke en onderhandelinge te herbesoek.

Die onderhandelde skikking wat 'n nasionale akkoord tot gevolg gehad het waaruit 'n grondwet ontwikkel is, bied steeds die ideale platform om baie suksesvol die verwagtinge van redelike nugter denkende Suid-Afrikaners aan te spreek, op 'n eerlike en deursigtige manier. Die 34 grondwetlike beginsels vir onderhandelinge en daaropvolgende ooreenkomste behoort na ons mening as vertrekpunt te dien vir 'n eerlike en opregte poging tot 'n beleid oor grond en grondbesit.

Persoonlike vendettas, politieke misbruik en ideologies versteekte agendas moet dan egter plek maak vir 'n agting vir die land sy mense en sy grondwet. 'n Effektiewe administrasie, geen korrupsie, staatsmanskap, eerlikheid, wysheid en integriteit is egter onontbeerlik om hierdie uitdaging te transformeer na 'n grootse suksesverhaal.

Eiendomsreg, vryemarkbeginsels en die gewilligheid van die staat om finansiële steun te gee vir die nodige hervorming, het die tafel gedek vir die afhandeling van die reparasie fase. Die heropbou van landelike ontwikkeling en landbou moet nou sonder verdere versuim gelanseer word, maar op 'n regverdige en billike wyse. Dit is ononderhandelbaar dat ondernemingsgees, investering en die sekuriteitswaarde van grond in gedrang kom.

Dit het nou ook nodig geword vir absolute sekerheid oor landbou en grondbesit. Daar is 'n benadering dat grond en verbeteringe tans slegs in stand gehou word, totdat groter sekerheid kom. Die benadering is op die langtermyn nie voordelig vir landbou nie.

'n Suksesvolle en volhoubare Bloudruk vir Grond en Landelike Ontwikkeling, gebaseer op die grondwet sowel as gesonde ekonomiese beginsels het die vermoë om die sosio-maatskaplike situasie van elke Suid-Afrikaner te verbeter.

8.1 BEGINSELS EN VERTREKPUNTE VIR 'N BLOUDRUK VIR GROND EN LANDELIKE ONTWIKKELING

1. Eerbiedig die Suid Afrikaanse grondwet met spesifieke verwysing na eiendomsreg, privaatreë, die vrye mark en internasionale gebruike, norme en standaarde.
2. Gee erkenning aan die volle diversiteit van Suid-Afrikaanse burgers asook die bydrae wat deur swart en wit gemaak is, in die opbou van die land.
3. Gee erkenning aan die noodsaak vir 'n gemeenskaplike en gedeelde toekoms, vir swart en wit.
4. Herskep en herwin die volle potensiaal van entoesiasme en droom wat gelei het tot die nuwe Suid-Afrikaanse samelewing.
5. Verreken en erken die belangrikheid van voedselsekuriteit en voedselsekerheid.
6. Erken die diversiteit van die Suid-Afrikaanse nasie en bied aan elkeen die vryheid om sy ideaal binne die grondwet uit te leef - ook wat grondbesit betref.
7. Staak pogings om grondwet te wysig vir kortsigtige partypolitieke doeleindes.
8. Gee aan elke Suid-Afrikaner dieselfde reg tot grondbesit - ook in die voormalige tuislande of kommunale grondgebiede.
9. Grondbesit hoef nie 'n revolusionêre proses te wees nie - liever 'n ewolusionêre proses. Volgens die SAIRR is daar reeds meer as 55% grond in swart besit.
10. Moedig verskillende modelle van grondeienaarskap aan, sodat die basis tot grondbesit verbreed kan word.
11. Erken die verskillende grondbehoefte en plaas sisteme in plek om hierdie verskillende behoeftes aan te spreek en reguleer dit sonder partypolitieke inmenging.

12. Erken die feit dat nie alle swart mense landbougrond wil besit of wil boer nie, net soos wat nie alle witmense wil boer nie.
13. In aansluiting by bogenoemde is dit ook belangrik dat daar wegbeweeg moet word van die aanname dat blote grondbesit lei tot ekonomiese vryheid.
14. Moet nie onrealistiese verwagtinge skep vir eie kortstondige politieke gewin nie
15. Handel restituisie af voor 2014 sodat die inhiberende invloede op landbouontwikkeling opgehef kan word en grond weer produktief ontwikkel kan word.
16. Herstel die verkeerde en onregmatige restituisie sodat dit nie in die toekoms nodig moet wees vir restituisie van restituisie nie.
17. Gebruik markkragte soos gewillige koper/verkoper ten volle, aangesien daar jaarliks genoeg grond in die mark kom, om nuwe toetreders tot die mark te bevredig.
18. Gebruik onproduktiewe grond om geleentheid te bied aan nuwe toetreders tot landbou.
19. 'n Klimaat vir sinvolle "agrarian reform" moet geskep word deur eerder die wortel, as die stok metode, te gebruik
20. Gee erkenning aan die middelklas kommersiële boere as die hart van die platteland.
21. Loods spesiale projekte, sonder vooroordeel, om nuwe toetreders tot kommersiële landbou aan te moedig en te ondersteun. Nuwe boere moet gehelp word om hul produkte aan die hoofstroom van markte te lewer.
22. Erken landbouers as 'n volwaardige professie met sy eie verenigings maar ook professionele liggaam wat waak oor die beroep en kan intree vir die beroep op verskeie gebiede. Indien nodig kan bestaansboerdery en kommersiële boerdery albei verteenwoordiging geniet op die voorgestelde raad om sodoende almal se belange te dien. (Sien ook die onderafdeling wat in meer besonderhede hierdie punt omskryf)
23. Beskerm plaaslike produkte en stel invoerheffings in op buitelandse produkte wat inkomste kan genereer vir landelike ontwikkeling, infrastruktuur en grondbesit.
24. Steun landbounavorsing as hoë prioriteit en noodsaaklikheid.
25. Moedig landbou aan om gesonde arbeidsverhoudinge te handhaaf en meer werk te skep.

26. 'n Duidelike skeiding moet bestaan tussen 'n behoefte aan grond vir behuising en grond vir produksiedoeleindes.
27. Moedig gesonde sake- en besigheidsbeginsels aan.
28. Moedig omgewingsbewaring aan met die nodige ondersteuning.
29. Begroot en kanaliseer belasting terug aan landelike ontwikkeling vir infrastruktuur, onderhoud, werkskepping en uitbreiding.
30. Effektiewe wetstoepassing wat grensbeheer insluit moet geprioritiseer word wat kan lei tot 'n veilige plattelandse omgewing.
31. Moedig toerisme aan na die platteland en onderhou die vervoerstelsel en infrastruktuur.
32. Die kommersiële boerdery is die ekonomiese kern van ons klein dorpie. As die skaal en produktiwiteit van hierdie boerderye belemmer word sal dit grootskaalse gevolge vir ons platteland meebring.
33. 'n Groeiende platteland en 'n gesonde landbousektor kan die toenemende verstedeliking stuit en het voedselsekureit tot gevolg.
34. Beplan en implementeer grondbesit met die realiteit van die ware toedrag van sake gebaseer op die werklike en geouditeerde syfers van grond in swart besit.
35. Benut die aanbod om die ervaring en kundigheid van gevestigde en suksesvolle boere te gebruik tot die voordeel van nuwe boere.
36. Die sosio-maatskaplike ontwikkeling van die platteland is afhanklik van die suksesvolle meelewing en inskakeling deur almal wat in landbou betrokke is, veral plaaswerkers, en sal sake soos skole en behuising besondere aandag verg.
37. Bevorder landbou en sy verwante sektore as volledige professie met oneindige geleenthede en ekonomiese suksesse.

8.2 TOTSTANDKOMING VAN 'N LANDBOURAAD.

Dit is en bly die verantwoordelikheid van enige professie om homself te bestuur en te reguleer, eie etiek en standarde te bepaal en ook die publiek te beskerm deur uitbuiting en optrede, deur dissiplinêre optredes.

Indien Suid Afrikaanse landbouers op Internasionale standarde wil funksioneer, die plaaslike uitdagings suksesvol wil aanspreek en te bowe kom, sal landbouers, soos ander professies 'n professionele raad vorm, soortgelyk aan die Raad van Gesondheidsberoepes, die Prokureursorde ens.

Hierdie Raad moet saamgestel wees uit rolspelers in Landbou en verwante landboubedrywe. Die Raad moet professioneel wees en nie polities gekontamineer nie maar moet suiwer in belang van die beroep optree. Van kernbelang is dat die Raad die wispelturigheid van regeringsveranderings en beleidsraamwerke moet kan weerstaan.

Soos in ander beroepe speel ledeorganisasies 'n belangrike rol. Veral georganiseerde landbou het 'n trotse tradisie in die verband wat strek oor meer as 'n eeu. Hierdie ledeorganisasies moet 'n belangrike deel van die Raad uitmaak en moet aanvullende waarde tot die Raad voeg.

Die regering het periodiek landbou forums en adviesrade aangelê wat baie suksesvol was en steeds 'n rol behoort te speel.

Selfs die Groenskrif oor Grondhervorming wat op 30 September 2011 verskyn het, moes steun op vreemde nuwe strukture wat nie die beroep noodwendig tot voordeel strek nie en reeds polities swaar gekontamineer is.

Dit is reeds baie duidelik dat die totstandkoming van die voorgestelde:

- Land Management Commission (LMC)
- The Land Valuer-General (LVG)
- Office of the Valuer-General (OVG)
- Land Rights Management Board (LRMB)
- Land Rights Management Committees LRMCs

agente gaan wees van 'n politieke belang en is die implementering van hierdie ampte onder ernstige verdenking. Hierdie is sake wat uitsluitlik deur 'n professionele liggaam behartig behoort te word.

Verskeie ander sake, van onmiddellike belang wat baie suksesvol en deurlopend deur die professionele Raad aangespreek kan word, is sake soos:

- Akkreditasie van bona fide landbouers betreffende sake soos:
 - Arbeidsaangeleenthede en wetgewing.
 - Omgewingsbeheer en bodembewaring.
 - Bestuursvaardighede.
 - Verblyfreg en verwante wetgewing.
- Lederegister van lede en kategorie van lede soos:
 - Kommersiële boere.
 - Bestaansboere.
 - Bewarias
 - Jagplase
- Kommersiële ondersteuningsdienste, ens.
- Restitusie eise
- Grondbesit
- Oudit van grondbesit.
- Transformasie in Landbou.
- Opleidingstandaarde soos onder andere:
 - Leerplanne by skole
 - Leerplanne en toelatingsvereistes by Tersiêre instellings.
 - Praktiese vaardigheid opleiding

- Grondbehoefte en hersonering van grond.
- Grondbesit.
- Voedsel standarde.
- Veessiektes en veeartseny.
- Gifstowwe en medikasie.
- Doeanebeheer op landbouprodukte. ens

Hieruit is dit ook duidelik dat samestelling van die Raad voorsiening sal moet maak om voldoende verteenwoordiging van bogenoemde te hanteer. Soos met ander Rade kan hierdie Raad ook bestaan uit 'n gewenste en effektiewe kombinasie van aangewese en verkose verteenwoordigers.

Die Landbouraad kan 'n baie positiewe rol speel om te verseker dat Landbou in Suid-Afrika op 'n gesonde vlak is en die regering en betrokke departement van broodnodige steun en advies voorsien ten einde kwaliteit besluite namens alle Suid-Afrikanners te kan neem.

9. SAMEVATTING.

Dit is uit die voorafgaande duidelik dat Suid-Afrika by 'n belangrike kruispad oor landbou, grondherverdeling, werkskepping en voedselsekureit gekom het.

Die voorgestelde Groenskrif op Grondhervorming is op 'n sneltrajek wat voortspeed na 'n afrond van nasionalisme en grootskaalse mislukking. Dit is in skrilte kontras en in konflik met die onderhandelde skikking en grondwet. Dit is daarom teen die gees van bevryding wat in elke Suid-Afrikaanse hart klop.

Die Groenskrif is statur gegee en in pas gebring met 'n bevrydingsideologie wat ramspoedig is vir Suid-Afrika. In die Groenskrif word eensydige en verdraaide feite gegee en vals persepsies geskep en vorm die fondament vir nogmaals 'n mislukking met grondhervorming. Die Groenskrif sal menige Suid-Afrikanners in groter armoede dompel in die kroniese maalkolk van blote bestaan, sonder om te lewe.

Die Bloudruk vir Grond en Landelike Ontwikkeling daarenteen, bied vertrekpunte met lewenskragtige, opwindende alternatiewe wat die uitdagings van die tyd effektief kan aanspreek. Dit is binne die Grondwet en die nasionale akkoord en het die potensiaal om Suid-Afrika en sy mense na nuwe hoogtes te verhef. Dit is nie 'n slaafse navolging van 'n ideologie nie, maar skep vertrekpunte wat kan lei tot 'n Suid-Afrika waar elkeen se potensiaal tot volle wasdom kan kom.

Terwyl die Groenskrif beperkinge stel op individuele regte en erg diskriminerende maatreëls bevat, met die daarstelling van verskillende kategorieë van burgerskap, is die Bloudruk vir Grond en Landelike Ontwikkeling konsekwent, billik, regverdig, deursigtig en 'n fondament vir nasiebou en voorspoed.

Daar is nou 'n dringende noodsaak aan landelike ontwikkeling. Met die regte vennootskappe tussen die regering en die burgerlike samelewing wat geskoei is op gesonde beginsels kan landbou 'n enorme bydrae lewer tot landelike ontwikkeling. Indien

die Groenskrif egter die vertrekpunt is, is dit 'n verdere spyker in die kis vir landelike ontwikkeling.

Die Bloudruk vir Grond en Landelike Ontwikkeling behoort duidelik te spreek tot redelike en regverdige Suid Afrikaners. Daarom het dit tyd geword om nou die regte besluite te neem tot voordeel van ons jong demokrasie en hierdie mooi land.

"'n Ander deel (van die saad) het op klipbanke geval, waar daar nie baie grond was nie, en dit het gou opgekom omdat die grond nie diep was nie." Matteus 13:5

"Die ander saad het in goeie grond geval en 'n oes gelewer, party honderdvoudig, ander sestigvoudig en ander dertigvoudig." Matteus 13:8